SA Akademie vir Wetenskap en Kuns

Beursinligting

Naam en van: Joan-Mari Barendse

Universiteit: Universiteit Stellenbosch

Meesters: | **Doktoraal:** | **Postdok:** x

Studierigting: Afrikaanse letterkunde

Titel van Artikels:
(En in watter Tydskrif gepubliseer)

Die "grense van menswees" en insekwording in Willem Anker se *Samsa-masjien* (2015), *LitNet Akademies* 13(3); 'n Kulturele entomologiese ondersoek na insekte in Willem Anker se *Siegfried, Tydskrif vir Letterkunde* 54(2)

Datum wanneer artikels gepubliseer is:

2016; 2017

Gee asseblief 'n kort opsomming (500 woorde) van u studie en ook die uitkomste van u studie wat die Akademie op hul webblad kan plaas.

In hierdie navorsingsprojek ondersoek ek die uitbeelding van insekte in onlangse Afrikaanse literatuur binne die raamwerk van mens-dier-studies (MDS). MDS is 'n interdissiplinêre veld wat in die afgelope drie dekades tot stand gekom het en tans 'n bloeitydperk beleef (Marvin en McHugh 2014:2). Ook in Suid-Afrika is daar onlangs 'n toename in akademiese aktiwiteite binne dié raamwerk (Woodward en Lemmer 2014:1–5). Volgens Woodward en Lemmer (2014:2) is die kern van MDS die verweefdheid van die mens en niemenslike diere.

Die "vervlegtings tussen mens en dier" is een van die sentrale kwessies binne postkoloniale ekokritiese lesings van onlangse Afrikaanse literatuur (Visagie 2013). Volgens Fuller (2014:92) is die uitbeelding van niemenslik diere in postapartheid Suid-Afrikaanse kuns en literatuur 'n poging om verby die gekonstrueerde strukture (byvoorbeeld die politiese, kulturele en godsdienstige), wat die identiteit van niemenslike en menslike diere in die hedendaagse Suid-Afrikaanse samelewing beïnvloed, te beweeg.

Alhoewel insekte die diere is waarmee die mens ten nouste saamleef (hulle deel ons woonruimtes, kos en voed selfs op ons liggame), beklee studies oor die verhouding tussen die mens en insekte 'n gemarginaliseerde posisie binne MDS en literêre studies (Brown 2007:5). In *Insect Poetics* (2006) wys Brown op die belang van meer navorsing op die gebied.

In my navorsing stel ek vas of die uitbeelding van insekte in onlangse Afrikaanse literatuur gekenmerk word deur óf 'n posthumanistiese vervlegting van die mens en niemenslike dier óf 'n antroposentriese tweeledigheid.

Twee geakkrediteerde artikels spruit uit die navorsing wat ek tydens my nadoktorale studies (2016) onderneem. Ek lewer verder 'n referaat oor my navorsing by die ACLALS-kongres (Association for Commonwealth Literature and Language Studies) in Julie 2016.

Verwysings:

Brown, Eric C. 2006. *Insect Poetics*. *Minneapolis*: University of Minnesota Press.

Brown, Eric C. 2007. Talking Insects. *Antennae* 3(1): 4–7.

Fuller, Michele. 2014. Representations of the "Other" in Southern African Art Praxis. *Journal of Literary Studies* 30(4): 91-103.

Marvin, Garry en Susan McHugh. 2014. In it together: an introduction to human-animal studies. In: Marvin, Garry en Susan McHugh (reds.). *Routledge Handbook of Human-Animal Studies*. New York: Routledge: 1-9.

Visagie, Andries. 2013. Pasmaatspesies, niemenslike diere en die omgewing: gedagtes oor die postkoloniale ekokritiek in Suid-Afrika. LitNet. http://www.litnet.co.za/pasmaatspesies-niemenslike-diere-en-die-omgewing-gedagtes-oor-die-postkoloniale-ekokritiek/ (6 Augustus 2015 geraadpleeg).

Woodward, Wendy en Erika Lemmer. 2014. Introduction: Figuring the Animal in Post–apartheid South Africa *Journal of Literary Studies* 30(4):1–5.